

Beeld Sport

Maandag | 18 April 2016 | BL. 16 | E-pos: sport@sport24.co.za | Facebook: Sport/koerante | Twitt

Irvette skud naarheid af; wen Spar-wedloop

Sarel van

Kaapstad. – Presies 'n week voordat sy in die Londen-marathon sal probeer kwalifiseer vir vanjaar se Olimpiese Spele, het Irvette van Zyl gisteroggend hier die Spar-wedloop vir vroue oor 10 km gewen.

Haar wentyd was 33:24.

Haar Nedbank-spanmaat Rutendo Nyahora was tweede in 33:52, met Lebogang Phalula (Boxer) derde met 'n tyd van 34:00.

“Lindsey (Parry, haar afrigter) het gesê ek mag nie vandag vinniger as 33:20 hardloop nie.

“Ek het nie gedink só 'n tyd sou goed genoeg wees om te wen nie, maar lyk my die ander vrouens was nie lus vir hard hardloop nie,” het Van Zyl gesê.

Weens 'n maagaandoening kon sy nie Vrydag op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Stellenbosch in die 5 000 m kwalifiseer nie.

“Ek was vanoggend nog 'n

bietjie naar, maar die energie was terug,” het Van Zyl gesê.

“Ek het gisteraand glad nie lekker geslaap nie.

“Dis al daai opwinding Saterdag met die atletiek op Coetzenburg se skuld,” het Van Zyl gelag.

Haar man, die hekkiesatleet LJ van Zyl, het Vrydagaand sy agtste SA titel in die 400-hekkies verower.

Irvette van Zyl vertrek môre Londen toe.

Gisteroggend het Phalula se tweelingsuster, Lebo, in die Enschede-marathon met 'n goeie tyd van 2:33:48 vir die Spele gekwalifiseer.

Dit is vyf sekondes stadiger as die tyd waarmee Kalmer se jonger suster, Christine, gekwalifiseer het.

Christine Kalmer (34:11) was gister in die Spar-wedloop vyfde.

■ In die Hamburg-marathon in Duitsland het Benedict Moeng met 'n tyd van 2:13:17 vir die Spele gekwalifiseer.